

Donderdag 14 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 14:1-12

Fokusgedeelte: Numeri 14:10b, 11

Ons kan “reuse” uitdagings in die geloof aanpak

Die verkenners het, nadat hulle die beloofde land verken het, aan die volk kom verslag doen. Josua en Kaleb het gemeen dat hulle moet optrek en die land in besit gaan neem, maar die tien ander verspreiders het gesê dit is onmoontlik. Die inwoners is sterker as hulle. Hulle het die volksvergadering oortuig en hulle het in opstand gekom teen Moses en Aäron.

Josua en Kaleb het egter op die Here vertrou en aan sy beloftes vasgehou. Daarom pleit hulle by die volk: “Die Here is by ons. Moenie vir hulle bang wees nie!” Daarop wil die volk hulle met klippe doodgooi. Die Here wys sy trou deur sy magtige teenwoordigheid of sy heerlijkheid by die tabernakel sigbaar te laat word. Hy demonstreer só aan die volk dat Hy by hulle is, soos Hy nog altyd by hulle was. Hulle het tog self sy almag gesien in al sy wonders. Hoe kan hulle Hom steeds onderskat en weier om Hom te vertrou?

Ons kan tog ook so maklik soos die volk die Here onderskat. Ons staar ons blind teen die “reuse” uitdagings wat ons bedreig en haal so maklik ons oë van die Here af.

God het in sy trou sy Seun gestuur. Hy het mens geword en onder ons kom woon en ons het sy heerlijkheid gesien (Joh. 1:14). Aan die kruis het Hy vir ons sonde gesterf en die groot vyand, Satan, verslaan. God wys sy almag deur die grootste wonder – die opstanding van sy Seun. Ná sy hemelvaart is die Heilige Gees uitgestort om altyd by ons te wees.

Ons kan elke dag God se teenwoordigheid ervaar. Ons hoef nie bang te wees vir al die reuse probleme wat ons elke dag moet konfronteer nie. Vertrouend op die Here pak ons dit in die geloof.

Sing: Psalm 46-1:6

Ds. AL Pelser (Abri) (Bethlehem)

Vrydag 15 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 14:13-19

Fokusgedeelte: Numeri 14:19

Gebed om vergifnis

Die trekgeskiedenis van die volk word gekenmerk deur hulle voortdurende klaery en opstandigheid. Hulle het hulle nie net verset teen die leiers Moses en Aäron nie, maar ook teen God self. Uiteindelik